SUID-AFRIKAANSE FLORA UNIE
HANDBOEK VIR BEOORDELAARS EN BLOMMERANGSKIKKERS

INHOUD	**BL. NO.**
Die Suid-Afrikaanse Flora Unie (SAFU)	1
WAFA Internasionale Blommeskoureëls	1
Riglyne vir blommeskoue	
• Kriteria om Provinsiale, Nasionale en SAFU Nasionale skoue aan te bied	2
• Blommeskoukomitee	2
• Riglyne vir die skedulekomitee	3 - 4
• Skedule-inligting	4 - 5
• Riglyne vir deelnemers	6
• Riglyne vir skoubeamptes	7
Beoordeling	
• Kriteria vir Aktiewe Beoordelaars vir Provinsiale, Nasionale en SAFU Nasionale Skoue	8
• Kriteria vir beoordeling by Internasionale Skoue	8
• Kriteria vir herinstelling van onaktiewe beoordelaars	9
• Beoordelingsprosedures	9
• Riglyne vir ’n merktabel	10
• Die Lintstelsel	11
• Die Prysstelsel	11
• Penalisering van ’n ontwerp	12
Terminologie	13 - 29
Riglyne met betrekking tot SAFU Paneel-eksaminering	**30**
• Die Eksamen Koördineerder	30 - 31
• Die Nasionale Ontwerpdiploma	32 - 33
• Die Nasionale Demonstrateursdiploma	34 - 35
• Die Nasionale Onderrigdiploma	36 – 37
• Die Nasionale Beoordelaarsdiploma	38 – 39

Die Suid-Afrikaanse Flora Unie (SAFU)

Die Suid-Afrikaanse Flora Unie het in Oktober 1991 tot stand gekom en is die nasionale liggaam vir lede van die geaffilieerde provinsiale blommekuns unies/verenigings. Die volgende unies/verenigings is lede:

ECFAA	Eastern Cape Floral Art Association
GFU	Gauteng Flora Unie
KZ-NAFA	KwaZulu-Natal Association of Flower Arrangers
MFU	Mpumalanga Flora Unie
NFU	Noordelike Flora Unie
NWBU	Noord-Wes Blomme Unie
OBU	Oranje Blomme Unie
WKVB	Wes-Kaapse Vereniging van Blommerangskikkers

WAFA Internasionale Blommeskoureëls

1. ‘n Ontwerp van plantmateriaal, met of sonder bykomstighede, binne ‘n gespesifiseerde ruimte soos bepaal in die skou-skedule.

2. Plantmateriaal moet oorheers oor alle ander komponente van die ontwerp.

3. Die gebruik van kunsmatige plantmateriaal word verbied tensy dit in die reëls toegelaat word.

4. Vars plantmateriaal moet in water of waterhoudende media wees tensy sodanige materiaal vars vertoon tydens die beoordeling en moet in stand gehou word vir die duur van die skou.

5. Geverfde en/of kunsmatig gekleurde plantmateriaal mag gebruik word tensy anders voorgeskryf deur die reëls.

6. Voorafvervaardigde werk mag nie in die ontwerp oorheers nie.

Riglyne vir ’n Blommeskou

Kriteria vir ’n Provinsiale Skou

‘n Provinsiale Skou word deur die Provinsie Unie/Vereniging gereël.

Kriteria vir ’n Nasionale Skou

- Skriftelike aansoek word aan SAFU gerig om toestemming te verkry.
- Die skou vereis ’n minimum van ses klasse.
- Daar moet ’n minimum van drie geakkrediteerde SAFU beoordelaars wees, waarvan een uit ’n ander provinsie.
- Skedules moet landswyd versprei word.
- Toekenning van prysgeld is die verantwoordelikheid van die skoukomitee

Kriteria vir ’n SAFU Nasionale Skou

- Die skou word gewoonlik by ’n SAFU Kongres aangebied.
- Die gasheer Provinsie, in samewerking met SAFU, ko-ordineer die skou.
- Die skouorganiseerders kan besluit of ere-uitstallings vanuit al die Provinsies en ’n SAFU uitstalling, nodig is.

Blommeskoukomitee

’n Skoukomitee word verkies. ’n Sameroeper, Sekretaris en/of Tesourier word aangewys.
Die komitee bepaal die datum sodat dit nie met ander skou-datums of funksies bots nie.
Toestemming moet van SAFU se Uitvoerende Bestuur verkry word om geskikte datums te bepaal, voordat Nasionale /Internasionale status toegeken kan word.
’n Geskikte lokaal moet verkry word.

Sameroepers word vir die volgende werksaamhede aangewys:

1. Reklame en Publisiteit
2. Saaluitleg: Opstel en Afbreek
3. Kommersiële Uitstallers
4. Finansies
5. Inskrywings
6. Demonstrasies
7. Akkommodasie, Vervoer en Parkering
8. Spyseniering
9. Skoubeamptes
10. Sekuriteit
11. Uitstallingsborde en Kaartjies

12. Beoordelaars
13. Skedule en Skoureëls
14. Funksies
15. Pryse
16. Ere-uitstallings
17. Gasvryheid
18. Noodhulp

Riglyne vir die Skedulekomitee

Die Opstel van 'n Skedule

Alle skedules vereis deeglike beplanning, kennis en begrip van die nuutste SAFU 'Handboek vir Beoordelaars en Blommerangskikkers'. Verwysing is nodig indien hierdie handboek by skoue gebruik word.

Indien 'n skou 'n oorkoepelende tema het, behoort dit gestipuleer te word of sodanige algemene tema in ag geneem moet word wanneer elke afdeling beoordeel word. As dit nie die geval is nie, behoort elke afdeling beoordeel te word volgens die deelnemer se vertolking van die individuele tema.

Indien 'n aanhaling as tema vir 'n klas gebruik word, moet aangedui word of die tema geinterpreteer moet word soos dit lees en of die hele inhoud van die werk waaruit dit geneem is, in aanmerking moet kom.

Dit word aanbeveel dat enige skou wat die SAFU 'Handboek vir Beoordelaars en Blommerangskikkers' en 'Lintstelsel' gebruik, beoordeel moet word deur **drie** aktiewe SAFU Beoordelaars. Deelnemers is dan in staat om erkende krediete vir eksamens te bekom.

Eerste, tweede en derde plekke kan toegeken word volgens die oordeel van die beoordelaars tensy borge of die skoukomitee dit anders verkies

Prosedure vir die opstel van 'n skedule

1. Kies 'n skoutema (opsioneel).
2. Kies klastemas.
3. Indien nodig, spesifiseer die styl en ontwerp, bv. Tradisioneel, Modern, Kontemporêr, Tydvak, Landskap, Miniatuur, Kunsvlyt, ens.
4. Gegewe spasie: hoogte, wydte en diepte afmetings moet in elke afdeling van die skedule gemeld word.
5. 'Staging' besonderhede word deur die Skoukomitee gespesifiseer.
6. **Dit word aanbeveel dat 'n konsepskedule vir Provinsiale en Nationale Skoue goedgekeur word deur die SAFU Beoordelaarskomitee voor dit gepubliseer word.**

Punte wat in aanmerking geneem moet word

1. Die tyd van die jaar en beskikbare plantmateriaal.
2. Die standaard van die deelnemers.
3. Die verwagting van die publiek.
4. Beskikbare lokaal met genoeg spasie, beligting, en parkering.
5. Begroting vir skou.
6. Verskeidenheid van temas.

Voorstelle

Wees versigtig vir klasse wat spesifieke kleurskemas of ontwerpstyle vereis, want dit beperk nuwe idees en skeppingsvermoë.

Wanneer ’n spesifieke houer gevra word, kan meer vryheid verkry word deur bv. te vra dat ’n mandjie”ingesluit” moet word, in plaas van om te sê ’in ’n mandjie’. Sê liewer ’Loof moet oorheers’ in plaas van ‘n ’Loofontwerp’. (Vermy beperkende woorde.)

Skedule-inligting

Dit word aanbeveel dat skouskedules die volgende inligting bevat:

1. Plek, datum en duur van die skou.
2. Opstel en opruimingstye. Enige deelnemer wat die voorgeskrewe rangskiktyd oorskry sal gepenaliseer word.
3. Datum en tyd van beoordeling en amptelike opening.
4. Inskrywingsfooie, aan wie betaalbaar en sluitingsdatum.
5. Naam, adres en telefoonnommer van Skousekretaris.
6. Reëls vir laat inskrywings en kansellasies.
7. Die beskrywing en gegewe spasie vir elke ontwerp.
   Die kleur, sketse en inligting m.b.t. ”staging”. Inligting aangaande agtergronde, die gebruik daarvan en of ekstra agtergronde mag gebruik word of nie.
8. Of vrystaande ontwerpe rondom of slegs van voor beoordeel word.
9. Of kunsmatige gekleurde plantmateriaal NIE gebruik mag word nie. (Verwys na bl.7 no.4)
10. Of die gebruik van kunsmatige plantmateriaal in ’n spesifieke klas toelaatbaar is. (Verwys na bl 6 no.7)
11. Akkommodasie en vervoer, indien van toepassing.
12. Prysuitdelingsfunksie, demonstrasies, lesings, sosiale funksies en uitstappies, indien van toepassing.
13. Ontwerpe moet vars en netjies gehou word vir die duur van die skou.
14. Vars plantmateriaal moet in water of waterhoudende medium wees.

(Verwys na bl.6 no.3)

15. Geen hulp word met ‘n ontwerp toegelaat tydens rangskiktye nie behalwe deur skoubeamptes. (Verwys na bl 7 no.1,2)
16. Met die uitsondering van Stillewe en Nie-funksionele Tafelontwerpe, moet plantmateriaal in alle ontwerpe oorheers. (Verwys na bl.6 no.2)
17. Voorafvervaardigde komponente mag nie die dominante deel van die ontwerp uitmaak nie tensy die skouskedule dit toelaat. (Verwys na bl.6 no.8)
18. Alle ontwerpe wat nie tydens die kompetisie in die skousaal saamgestel is, word nie in ag geneem vir ’Beste op Skou’ of ’Naas-beste op Skou’ nie, tensy die skouskedule anders bepaal. Dit word aanbeveel dat ‘n aparte ‘Beste in Kunsvlyt’ toegeken word, slegs wanneer daar meer as een afdeling in die skedule is.
19. “Beste op Skou” en “Naas-beste op Skou” mag aan ‘n ontwerp toegeken word waaraan twee of meer deelnemers gewerk het, mits dit in die lokaal gerangskik is.
20. Indien enige beslissing deur die Skoukomitee geneem word oor ’n navraag van ’n deelnemer voor die skou wat enige ander deelnemer mag benadeel, moet alle deelnemers in die spesifieke klas, sowel as die beoordelaars, voor die skou daarvan in kennis gestel word.
21. Indien ’n navraag oor verskil tussen die Skoukomitee reëls en die ’Handboek vir Beoordelaars en Blommerangskikkers’ voorkom, kry die Skoukomitee voorkeur bo die Handboek. Alle Skoukomitees word egter aangemoedig om ter wille van eenvormigheid by die reëls van die Handboek te hou.
22. Die beoordeling moet volgens die ’Lintstelsel” plaasvind. Die skedule moet bepaal of eerste, tweede en derde plekke ook toegeken sal word.
23. Enige ontwerp wat deur die beoordelaars as ’n nabootsing van ‘n vorige ontwerp herken word, sal gepenaliseer word.
24. ’Aerosol’ en spuitverf word nie toegelaat in die skousaal en omgewing nie. Organiseerders is nie verantwoordelik vir enige verliese of beskadiging van deelnemers se eiendom nie.
25. Die verwydering of verskuiwing van skoumateriaal is nie toelaatbaar nie tensy die skedule anders bepaal. Die eiendom van die skou soos bv. ’staging’ mag nie beskadig word nie.
26. Besonderhede betreffende fotografie word vooraf deur die skoukomitee bepaal.
27. Deelnemers is verantwoordelik vir die verwydering van eie afvalmateriaal.
28. Geen selfone mag gedurende rangskiktye gebruik word, tensy vooraf toestemming verkry is.
29. Geen inskrywing mag uit die skoulokaal verwyder word sonder toestemming van die Skoukomitee nie.
30. Die beslissing van beoordelaars is finaal.

Riglyne vir Deelnemers

1. **Bestudeer die skedule en skoureëls noukeurig.**

2. Plantmateriaal ***MOET OORHEERS*** met die uitsondering van Stillewe en Nie-funksionele Tafelontwerpe, indien anders bepaal in die skedule.

3. Vars plantmateriaal moet in water of waterhoudende medium wees, tensy sodanige materiaal ferm en vars vertoon tydens die beoordeling en moet in stand gehou word vir die duur van die skou.

4. Geverfde en/of kunsmatig gekleurde plantmateriaal ***MAG GEBRUIK WORD*** tensy die skedule anders bepaal. (Tradisioneel, Vryvorm en Tydvak-ontwerpe uitgesluit).

5. Vars- en droë plantmateriaal mag saam in ’n ontwerp gebruik word.

6. Plantmateriaal moet vir die duur van die skou vars bly of vervang word.

7. Die gebruik van kunsmatige plantmateriaal ***WORD VERBIED*** tensy anders in die skedule vermeld

8. Die WAFA reël is soos volg: Voorafvervaardigde komponente mag nie in die ontwerp oorheers nie. Hierdie reël word toegepas tensy die skedule anders bepaal.

9. Ontwerpe mag nie die gegewe spasie oorskry of onderbenut nie.

10. Verwyder alle afvalmateriaal. Maak seker dat skoueiendom nie beskadig of gevlek word nie.

11. Slegs deelnemers en ‘staging’ beamptes word in die saal toegelaat tydens rangskiktye (behalwe in winkelsentrums).

12. Die beoordelaars se beslissing is finaal.

Riglyne vir Skoubeamptes

Dit is die verantwoordelikheid van die Skoukomitee om toe te sien dat die skoubeamptes ingelig is oor die volgende:

1. Skoubeamptes tydens rangskikkingstyd

1.1 Die skoubeleid met betrekking tot oorskry van spasie. Beoordelaars moet met beoordeling ingelig word oor enige spasie-oorskrying.

1.2 Geen hulp word verleen by die opstel en konstruksie van enige ontwerp nie, behalwe waar dit nodig is om iets swaar op te lig. Dit moet deur die skoubeamptes self gedoen word.

1.3 Skoubeamptes moet vasstel of die beoordelaars hulle nodig het om ontwerpe te meet, bv. Petite ontwerpe.

2. Skoubeamptes tydens beoordeling

2.1 Skoubeamptes moet vertroud wees met die skedule, skoureëls en uitleg van al die afdelings.

2.2 Deelnemers mag nie in afdelings waar hulle deelgeneem het as skoubeamptes tydens beoordeling optree nie.

2.3 Skoubeamptes behoort in die agtergrond te bly terwyl beoordelaars ontwerpe bespreek en evalueer. Beoordelaars se besprekings is vertroulik.

2.4 Skoubeamptes is verantwoordelik vir die korrekte plasing van deelnemers se prys- en kommentaarkaarte, en moet kontroleer dat die beoordelaars die kaarte geteken het.

2.5 Die name van pryswenners moet eers sigbaar wees na die finale toekenning van spesiale pryse. Klas en spesiale pryse word na die finale beoordeling op rekord geplaas.

3. Skoubeamptes tydens besigtiging

3.1 Skoubeamptes moet daarop let dat die uitstallings nie deur die publiek aangeraak word nie.

3.2 ’n Plakkaat waarop die Lintstelsel verduidelik word mag vertoon word.

Beoordeling

Kriteria vir Aktiewe Beoordelaars vir Provinsiale, Nasionale en SAFU Nasionale Skoue

1. Moet ’n opbetaalde lid van ’n Klub, Provinsie en Beoordelaarspaneel wees.
2. Moet ’n aktiewe lid van sy/haar Klub en Provinsie wees.
3. Moet ten minste een Opknappingskursus vir Beoordelaars gedurende die laaste twee termyne bywoon (d.w.s. een elke ses jaar).
4. Moet jaarliks 50% van die Provinsiale Seminare en Beoordelaars paneelvergaderings bywoon.
5. Moet by die Beoordelaarspaneel betrokke wees en dit word aanbeveel dat daar belangstelling in die Demonstrateurs- en Onderrigpanele en ander provinsiale aktiwiteite is.
6. Moet aan ten minste een skou per jaar deelneem.
7. Indien ’n aktiewe beoordelaar in aanmerking wil kom om Nasionale skoue te beoordeel, moet hy/sy ten minste een keer in ‘n ses jaar termyn deelneem aan ’n Nasionale skou.

AANBEVELING

Indien dit vir ’n aktiewe beoordelaar as gevolg van omstandighede onmoontlik is om aan bogenoemde vereistes te voldoen, word dit aanbeveel dat hy/sy skriftelik aansoek doen vir afwesigheidsverlof vir ’n maksimum tydperk van twee jaar. Daarna moet die beoordelaar vir herinstelling aansoek doen of vra vir plasing op die onaktiewe lys.

Kriteria vir Beoordeling by Internasionale Skoue

1. Moet ’n aktiewe lid op die Provinsiale en Nasionale Beoordelaars lys wees.
2. Moet aan die vereistes van die kriteria vir ’n aktiewe SAFU beoordelaar voldoen.
3. Dit sal in SAFU se belang wees indien hy/sy ondervinding van deelname aan Nasionale en/of Internasionale Skoue het.
4. SAFU sal, indien fondse dit toelaat, verantwoordelik wees vir die reiskoste.
5. Wanneer provinsiaal genomineer, moet die Beoordelaar ‘n CV van die afgelope 5 jaar se blomaktiwiteite, voorsien aan die Nasionale Beoordelaarspaneel hoof. Dit word na alle provinsies gestuur. Die Nasionale Beoordelaarshoof in samewerking met die SAFU President sal die stemproses hanteer.

Kriteria vir die Herinstelling van Beoordelaars langer as 2 jaar onaktief

1. Moet in besit wees van drie goue linte wat by Skoue of klubs verwerf is. Hierdie deelname moet deur drie aktiewe be-oordelaars beoordeel word. Indien drie beoordelaars nie beskikbaar, kan vier goue linte getoon word wat deur twee aktiewe beoordelaars beoordeel is.
2. ‘n Standaard teorie eksamen, opgestel deur die Nasionale Beoordelaars Paneelhoof moet geskryf word. Dit word nagesien deur die Provinsiale Beoordelaarspaneelhoof en gemodereer deur die Nasionale Paneelhoof en Eksamen Koördineerder. Die slaagpunt is 75%.

Beoordelingsprosedure

1. ‘n Kort vergadering met die Skouvoorsitter en beoordelaars behoort gehou te word voor beoordeling, om enige navrae in verband met die skedule te bespreek.
2. Beoordelaars moet vertroud wees met die skedule, skoureëls en bewoording van elke klas.
3. Bepaal die algemene standaard van die skou.
4. Besluit of enige ontwerp gepenaliseer word.
5. Indien Beoordelaars verskil in hul beslissing, moet daar gestem word en die meerderheidsbesluit geld. ‘n Merktabel kan gebruik word vir ‘n regverdige beslissing, indien nodig.
6. Deelnemers het die reg tot die voordeel van twyfel.
7. Beoordelaars behoort slegs die kaarte waar hulle self beoordeel het te teken.
8. Linte word toegeken volgens die Lintstelsel, ongeag die standaard of afdeling.

Beoordelaars moet tydens beoordeling die volgende in aanmerking neem:

1. Ooreenstemming met die skedule
2. Voortreflikheid en oorspronklikheid van die ontwerp.
3. Vertolking van die tema deur die gebruik van elemente en beginsels van ontwerp. Plantmateriaal moet die tema uitbeeld.
4. Praktiese vaardigheid en goeie gebruik van hulpmiddels.
5. Die kwaliteit en oorheersing van plantmateriaal.
6. Uitvoering van die ontwerp.
7. Artistieke meriete en onderskeiding: ‘n Ontwerp met trefkrag en oorspronklikheid.
8. Gebruik ‘n merktabel indien daar ‘n verskil van opinie is.

Riglyne vir ‘n Merktabel

Hierdie is ‘n voorbeeld van ‘n Merktabel

ONTWERP
(BEGINSELS VAN ONTWERP)

- Skaal en Proporsie 10
- Dominansie 10
- Balans 10
- Ritme 10

(40)

VERTOLKING

- Van die tema 10
- Die gebruik van elemente van ontwerp 10
- Die keuse van plantmateriaal 10

(30)

Vertolking van ‘n skedule kan ook die oorhoofse skoutema insluit.

AANBIEDING

- Gebruik van houer/staander, bykomstighede en/of drapering 5
- Kondisie en netheid van plantmateriaal 5

(10)

ONDERSKEIDING

- Uitstaande ontwerp en keuse van materiaal en samestelling
- Vindingrykheid in kreatiwiteit. **(10)**

OORSPRONKLIKHEID
‘n Skeppende, nuwe konsep wat verbeelding en aanleg toon.

(10)

Totaal **(100)**

Die punte toegeken aan elke afdeling bo sal bepaal of die klem op ontwerp, vertolking, styl of onderskeiding en oorspronklikheid val volgens die klas tema.

Die Lintstelsel

Goud Lint + 2 sterre	90% en meer	9 punte
Goud Lint + 1 ster	85% - 89%	8 punte
Goud Lint	80% - 84%	7 punte
Silwer Lint + 2 sterre	75% - 79%	6 punte
Silwer Lint + 1 ster	70% - 74%	5 punte
Silwer Lint	65% - 69%	4 punte
Blou Lint + 2 sterre	60% - 64%	3 punte
Blou Lint + 1 ster	55% - 59%	2 punte
Blou Lint	50% - 54%	1 punt

Die Prysstelsel

Eerste, Tweede, Derde, Hoogsaanbeveel en Aanbeveel mag gebruik word, saam met bogenoemde Lintstelsel, indien so versoek word.

'Beste op Skou' word gekies uit die Eerste pryswenners.

'Naasbeste op Skou' word gekies uit een van die oorblywende Eerste pryse of die tweede prys uit die klas waar die 'Beste op Skou' toegeken is.

'Spesiale Pryse' vir voortreflike uitvoering, bv. 'Beste Ontwerp' en 'Beste Kleur Gebruik', kan uit enige van die kompetisie ontwerpe gekies word.

Al bogenoemde pryse word toegeken aan ontwerpe wat in die Skoulokaal gerangskik is, ongeag hoeveel persone aan die ontwerp gewerk het.

'n Kunsvlyt onwerp wat ten volle in die lokaal gerangskik is mag ook vir bogenoemde pryse in aanmerking kom. Kunsvlyt ontwerpe wat buite die lokaal voltooi en ingehandig is mag nie in aanmerking kom vir "Beste op Skou" of "Naasbeste op Skou" nie.

'Beste in Kunsvlyt-afdeling' word toegeken slegs wanneer meer as een Kunsvlytklas op skou uitgestal is.

Penalisering van ’n Ontwerp

‘n ONTWERP WORD GEPENALISEER EN NIE GEDISKWALIFISEER NIE. PENALISERING WORD TOEGEPAS VOLGENS DIE AFWYKING VAN DIE SKEDULE.

’n Ontwerp word gepenaliseer op grond van die volgende redes:

- Wanneer die ontwerp nie voldoen aan die reëls en regulasies van die skedule nie.
- Plantmateriaal nie oorheers oor al die komponente van die ontwerp nie, tensy anders in die skedule vermeld.
- Wanneer toegelate ruimtes oorskry of onderbenut word.
- Wanneer vars plantmateriaal (met die uitsondering van vetplante en plante wat lank vars bly) nie in water of waterhoudende media gerangskik is nie.
- Die gebruik van kunsmatige plantmateriaal word verbied, tensy anders in die skedule vermeld.
- Wanneer voorafvervaardigde komponente oorheers. (tensy skedule dit toelaat)
- Wanneer die beoordelaars ‘n ontwerp as ‘n nabootsing van ‘n vorige ontwerp herken.

TERMINOLOGIE

ABSTRAK: ‘n Ontwerp waar die natuurlike voorkoms en groeiwyse van plantmateriaal geïgnoreer of verander word. Die derde dimensie mag geïgnoreer word. Alle komponente hoef nie geabstraheer te wees nie.

ADVERTENSIE ONTWERP: Die identiteit van ‘n artikel of produk wat geadverteer word, moet duidelik en opvallend wees. Bykomstighede gewoonlik toegelaat.

AGTERGROND: Word agter ‘n ontwerp geplaas. Dit kan van enige materiaal wees. ‘n Drapering is nie ‘n agtergrond nie, tensy op so ‘n wyse geplaas dat dit ‘n volledige agtergrond vorm.

ALTERNATIEWE MEGANIKA/HULPMIDDELS: Innoverende maniere waarop ’n ontwerp gestabiliseer word en plantmateriaal in staat gestel word om water op te neem. Dit hoef nie altyd verberg te wees nie, bv. plastiese/glas orgideebuisies vasgebind met gekleurde sierdraad.

ANORGANIES: Dit behoort nie tot die plant- of diereryk nie en sal nie verkool wanneer dit brand nie.

BASIS: Enige voorwerp waarop ’n ontwerp geplaas word. Een of meer basisse kan gebruik word.

BEGINSELS VAN ONTWERP: Beginsels van ontwerp is die basiese reëls of riglyne wat toegepas word om ’n geslaagde ontwerp te skep.
Die beginsels van ontwerp is Balans, Dominansie, Skaal, Proporsie, Ritme, Harmonie, Herhaling, Kontras, Oorgang, Straling en Verskeidenheid.

BLAARVOET: Onderdeel van die palm blaar wat as loof aanvaar word.

BLOMKNOP: ‘n Blom wat nog nie ten volle oop is nie. As die blomknop nog volledig groen is, kan dit as loof aanvaar word.

BLOEIWYSE

- BLOM**:** ‘n Enkele blom op ‘n steel bv. ‘n tulp of ‘n roos.

- *(INFLORESENCE/SPIKE*): ‘n Versameling van blomme op een steel, bv. Swaardlelie, Delphinium en Umbellatum.

- BRACTS ’(SKUTBLARE): Dit is blaaragtige dele van ‘n plant aan die voet van die sy-as van ‘n stingel en word as blomme sowel as loof aanvaar bv. Poinsettia, Hydrangea, Molucella, Bilbergia, Bougainvilea, ens.

- SAAMGESTELDE BLOMME: Blomvorms saamgestel uit herkenbare natuurlike plantmateriaal.

BLOMPRENT (GEPARSTE): ’n Versameling van droë- en geparste plantmateriaal, twee-dimensioneel op ‘n agtergrond gemonteer om ‘n prent te vorm. Dit word agter glas geraam.

BYKOMSTIGHEDE: Enige iets wat nie voortkom uit natuurlike plant materiaal en gebruik word as deel van die ontwerp. Houers, basisse, drapering en agtergronde. Klippe, kerse, vere, skulpe, ens. is bykomstighede.

‘**CANDLE CUP**’: Dit is ‘n klein houer wat binne in die nou opening van ‘n ander houer pas.

‘**CASCADE**’: ‘n Ontwerp op ‘n hoë houer of staander, van plantmateriaal, afwaarts gerangskik met die effek van ‘n “waterval”.

‘**COLLAGE**’: Dit is ‘n dekoratiewe drie-dimensionele samestelling van materiaal uit die natuur, gekombineer volgens keuse, met onnatuurlike komponente vasgegom of andersins vasgeheg op ‘n geskikte agtergrond. Plantmateriaal moet oorheers. Dit kan geraam word, maar kom nie agter glas nie.

CRAFT: (sien **KUNSVLYT** bl. 18)

DIEPTE: Die drie-dimensionele effek van ‘n ontwerp.

DIERLIKE MATERIAAL: Dit is materiaal wat van land- of seediere afkomstig is, bv. Seewaaiers, Korale, Skulpe, Seesterre, Seekomkommers, ens. Dit word as bykomstighede beskou.

DOMINANSIE: (sien **OORHEERSING** bl. 22)

DRAPERING: Materiaal, gevou of geplooi, om deur ’n ontwerp te vloei. Kan ook ’n basis of gedeeltelike agtergrond vorm. As dit die hele agtergrond van die ontwerp bedek, is dit ’n agtergrond en nie ‘n drapering nie.

DROë PLANTMATERIAAL: Enige droë, gebleikte, geskelekteerde of gepreserveerde plantmateriaal, in alle style toegelaat.

DRYFHOUT : Verweerde hout: enige soort droë hout, wortel of bas wat deur die natuur verweer en gevorm is.

EKSOTIES: Plante van ander lande.

ELEMENTE VAN ONTWERP: (sien **ONTWERP** bl. 20).

'EPERGNE': 'n Swierige tafelversiering, meestal met arms waarop houers vir blomme en/of vrugte pas. Dateer uit die Victoriaanse tydperk.

EVALUEER : Om die waarde en trefkrag van 'n ontwerp volgens die basiese elemente en beginsels van ontwerp te bepaal.

FLORAPRENT: 'n Samestelling van gepreserveerde plantmateriaal, dit mag gedroog, gebleik of geskeletteer wees. Gemonteer op 'n agtergrond om 'n drie-dimensionele prent te vorm. Bykomstighede is toelaatbaar. Die prent moet agter glas geraam word.

FESTOEN: ('SWAG') 'n Ontwerp van loof, blomme en vrugte/ groente, saamgestel op 'n drie-dimensionele wyse en word as versiering opgehang. Bykomstighede is toelaatbaar. Die agterkant en meganika moet onsigbaar wees.

'GARLAND': BLOMSTRING (sien **SIERKRANS** bl. 23)

GEPARSTE BLOMPRENT: (sien **BLOMPRENT** bl.14 **)**

GLAS: Wanneer vir die gebruik van glas gevra word, mag perspeks ook gebruik word.

GRASSE: Watergrasse, riete, veldgrasse en graansoorte.

GROEPERING: Die tegniek om een soort plantmateriaal saam te groepeer in die ontwerp om trefkrag in kleur, vorm of tekstuur te verkry.

HANGENDE ONTWERP: 'n Hangende ontwerp met een of meer plasings en het gewoonlik 'n rondom aansig.

HULPMIDDELS: (sien **MEGANIKA** bl. 20) en **ALTERNATIEWE MEGANIKA** bl 13**)**

IKEBANA: Japanese Blommekuns, en word nie beoordeel nie.

'IMPOSED': 'n Klas waarin alle komponente voorsien word (*voorsien 'n lys aan beoordelaars).

INHEEMS: Eie aan ons land.

KLEUR: Kleur is ‘n element van ontwerp. Kleur is die visuele reaksie van die oog op die weerkaatsing van ligstrale.

- PRIMêRE KLEURE: Rooi, Geel en Blou
- SEKONDêRE KLEURE: Oranje, Groen en Violet/Pers
- TERSIêRE KLEURE: Rooi-oranje, Geel-oranje
  Geel-groen, Blou-groen
  Blou-violet/pers, Rooi-violet/pers
- CHROMATIESE KLEURE: is al die primêre, sekondêre en tersiêre kleure.

- ACHROMATIESE KLEURE: is die NEUTRALE KLEURE, soos swart, wit en grys.

- GENEUTRALISEERDE KLEURE: Het ‘n swak chroma wat nie altyd as ‘n kleur geïdentifiseer word nie.

- DIE EIENSKAPPE VAN KLEUR:

  Kleurslag (Hue): Die kleur se naam bv. Rooi, Groen, Blou-violet ens. Daar is twaalf kleure op die kleurwiel, ongeag die intensiteit van die kleur.

  Kleurwaarde: Die gradering van lig na donker van ‘n kleurintensiteit.
  ‘n Tint is enige kleur met wit bygevoeg.
  ‘n Toon is enige kleur met grys bygevoeg.
  ‘n Skakering is enige kleur met swart bygevoeg.

  Kleurgehalte(Chroma): Dui die kleurintensiteit of suiwerheid van ‘n kleur aan, hoe donker of lig dit is.
  Volsterkte sonder enige byvoeging van swart, grys of wit.

  Ligsterkte (glans): Die eienskap wat sommige kleure meer sigbaar maak as ander.

  Warm, naderende kleure is rooi tot geel op die kleurwiel.
  Warm kleure skep die indruk van beweging na voor.

  Koel, wykende kleure is Groen tot Violet op die kleurwiel.
  Hierdie kleure is wykend van aard en gee die gevoel van afstand.

KLEURSAMESTELLINGS
Indien gevra word vir ‘n spesifieke kleurskema moet die houer daarby inskakel.

- MONOCHROMATIES: Die gebruik van een kleur, aangevul met tinte, tone en skakerings van dieselfde kleur.

- ANALOGIES: Die gebruik van twee, drie of vier aangrensende kleure wat langs mekaar op die kleurwiel lê met hul tinte, tone en skakerings. Dit is nie verpligtend om ’n primêre kleur in te sluit nie.

- TWEEKLEURIGE (DIADIC): Die gebruik van enige twee kleure (met hul tinte, tone en skakerings) wat deur twee aangrensende kleure geskei word, bv. Rooi en Geel-oranje, Geel en Blou-groen, ens.

- DRIEKLEURIG: (TRIADIC) Die gebruik van drie kleure eweredig verspreid op die kleurwiel met hul tinte, tone en skakerings.

- POLICHROMATIES (POLICHROMATIC): Die gebruik van baie kleure saam. Tinte, tone en skakerings.

- KOMPLEMENTÊRE (KONTRAS) KLEURSAMESTELLINGS: Hier word gebruik gemaak van kleure wat lynreg teenoor mekaar op die kleurwiel lê. Enige kombinasie van tinte, tone en skakerings kan gebruik word. Komplementêre kleure is kontrasterende harmonieë.
  Elke primêre kleur is die komplementêre sekondêre kleur waarin dit nie voorkom nie.

  Dus is die volgende kleure komplementêre kleursamestellings:

PRIMêR		SEKONDêR
Rooi	en	Groen
Blou	en	Oranje
Geel	en	Violet

- DIREKTE KOMPLEMENTêR: Kleure direk teenoor mekaar op die kleurwiel met hul tinte, tone en skakerings.

- GESPLETE KOMPLEMENTêR: Enige kleur (met hul tinte, tone en skakerings) saam met die twee aangrensende kleure wat langs sy direkte komplementêre kleur lê sonder die komplementêre kleur self, bv. Rooi met Geel-groen en blou-groen, Groen met Rooi-oranje en Rooi-violet.

- ANALOGIES KOMPLEMENTêR: Gebruik enige drie van die aangrensende kleure (met hul tinte, tone en skakerings), plus die direkte komplementêre kleur van enige aangrensende kleure. Totaal van 4 kleure. Slegs een primêre kleur mag gebruik word.

- TETRADE/VIERKLEURIGE OF SAAMGEVOEGDE (PAIRED) KOMPLEMENTêR:
  ‘n Kontrasterende komplement van vier kleure, saamgestel uit komplementêre kleure in ‘n geslote ‘X’ op die kleurwiel (met hul tinte, tone en skakerings) bv. Rooi en Oranje met hul komplementêre kleure, Groen en Blou, bv. Rooi-violet en Rooi-oranje met hul komplementêre kleure, Geel-groen en Blou-groen, ens.

KOMPONENTE: Die verskillende samestellende dele waaruit ‘n ontwerp in sy geheel bestaan.

KONDISIONERING: Die behandeling van gesnyde plantmateriaal om hul hou vermoë te verleng.

KONSTRUKSIE: ‘n Ontwerp waar plantmateriaal saamgebind word om ’n goed gebalanseerde raamwerk te vorm. Dit staan op sy eie as ontwerp en steun vir plantmateriaal of plasings, dit word nie ondersteun deur nie-plantaardige materiaal of houers nie.

KONTEMPORêRE BLOMMEKUNS: ‘n Eietydse ontwerp wat al die nuutste tendense en idees insluit en voortdurend ontwikkel.

KORAAL/SKULPE: Natuurlik (uit die see), maar nie plantaardig nie. Toegelaat as bykomstighede.

KUNSMATIG: Nie natuurlik nie. Die gebruik van kunsmatige plantmateriaal word verbied tensy anders in die skedule vermeld.

KUNSVLYT: ’n Artikel wat kunstig met die hande vervaardig word. Plantmateriaal moet oorheers. Kunsvlyt sluit in “collage”, blomprente, hoede, skoene, handsakke, juwele, koeke, kussings, ens.

KUSSING: ’n Tapisseriese grondwerk waar die hele opening van die houer met ’n ronde koepel van diggepakte, gegroepeerde plantmateriaal saamgestel word. Dit word gedoen met die klem op die gebruik van verskillende kleure, teksture en vorms.

LANDSKAP-/SEETONEEL: Enige natuurlike-, landelike-, stedelike- of seetoneel wat op ’n tradisionele, moderne of abstrakte wyse volgens goeie skaal uitgebeeld word.

LOOF: Blare – vars, gedroog, geskeletteer, behandel, of ‘n tak met blare, vetplante asook blomknoppe wat nog nie ontvou het nie en dus nie kleur wys

nie. Party stingels lyk soos loof en word as sodanig aanvaar, bv. Asparagus en Turksvy. 'Bracts'/skutblare en blaarvoete word as loof aanvaar.

LYNONTWERP: Het 'n duidelike liniêre voorkoms en rigting in die ontwerp met die gebruik van 'n beperkte hoeveelheid plantmateriaal.

MANDJIE: Gevleg van verwerkte of geweefde plantmateriaal of draad.

MASSA-ONTWERP: 'n Ontwerp van enige grootte met 'n groot hoeveelheid plantmateriaal.

- **LYNMASSA**: 'n Sterk gelinieërde vorm en rigting in die ontwerp, meer materiaal as in 'n gewone lynontwerp word gebruik.

- **TRADISIONELE MASSA**: Word volgens tradisionele eienskappe uitgevoer. Dit mag vertolkend, formeel, informeel, simmetries of asimmetries wees en is nie modern nie.

- **MODERNE MASSA**: 'n Beperkte verskeidenheid plantmateriaal word gebruik maar daar word weggebreek van tradisionele eienskappe. Spasie kan 'n integrale deel van die ontwerp wees.

- **SAAMGESTELDE MASSA**: Die agtergrond vorm die bindende faktor met 'n groep ontwerpe, gewoonlik in drie style, wat voor die agtergrond gerangskik word om 'n saamgestelde massa-eenheid te skep. 'n Kleur of ander elemente van ontwerp moet herhaal word om eenheid en harmonie te verseker. 'n "Collage" mag 'n deel van die ontwerp uitmaak.

- **PETITE MASSA**: Die hoogte, breedte en diepte van 'n hoeveelheid plantmateriaal wat meer as **10 cm** en minder as **25 cm** in geheel is, waarvan die houer ingesluit is. Die materiaal wat gebruik word moet in verhouding en volgens skaal wees.

- **MINIATUUR MASSA**: Die hoogte, breedte en diepte nie meer as **10 cm** nie, houer en plantmateriaal ingesluit. Die materiaal wat gebruik word, moet in verhouding en volgens skaal wees.

MEGANIKA ('MECHANICS'): Spykerhouer, oase, draad of enige meganiese hulpmiddels om die ontwerp in posisie te hou. Dit mag nie sigbaar wees nie tensy dit 'n estetiese deel van die ontwerp is.

MINIATUUR: 'n Ontwerp van enige styl waar hoogte, breedte en diepte nie meer as 10cm is nie, houer en plantmateriaal ingesluit. Materiaal wat gebruik word moet in verhouding en volgens skaal wees.

MOBIELE ONTWERP: ’n Hangende ontwerp wat vanuit ’n vaste punt hang, bestaande uit vrybewegende dele wat perfekte balans meebring met werklike beweging deur lugstroming veroorsaak.

MODERN: ’n Aanhoudende ontwikkelende konsep en kenmerkende wegbreek van die tradisionele, met die gebruik van tegnieke en invloede volgens huidige neigings, behalwe in die Vryvormstyl, waar natuurlike plantmateriaal volgens groeiwyse gerangskik word.

MOS: Die verskillende klein groen, geel of bruin plantjies wat in digte massas op die klam grond, rotse, klippe en hout in koel, natterige plekke groei, word as plantmateriaal beskou.

MUURPANEEL: ‘n Drie-dimensionele samestelling van vars en/of droë plantmateriaal waarby onnatuurlike materiaal gevoeg mag word. Dit word gemonteer op ‘n geskikte agtergrond en word meestal teen ‘n muur gehang. Plantmateriaal moet oorheers.

NIS: ‘n Inham of alkoof waarin ‘n ontwerp binne die gegewe spasie vertoon word.

ONDERSKEIDING: Die vermoë om uitstaande en oorspronklik te wees.

ONTWERP: Die plan waarvolgens die komponente gerangskik of saamgevoeg word, met die toepassing van basiese kunsbeginsels.

DIE ELEMENTE VAN ONTWERP

- **LYN**: Lyn mag voorkom in die natuurlike plantmateriaal of in die wyse waarop dit gerangskik is. Dit is die rigting wat die oog dwarsdeur die ontwerp volg. Lyn kan direk of indirek wees.

- **PATROON**: Patroon is die twee-dimensionele skaduwee wat die ontwerp teen sy agtergrond maak om ’n buitelyn van sy vorms en ruimtes te gee.

- **VORM:** Die drie-dimensionele vorm van die plantmateriaal, bykomstighede en die houer. Dit kan ook verwys na individuele blomme en loof. Diepte is sigbaar.

- **SPASIE** : Die oop en geslote ruimtes in ’n ontwerp. Spasie omlyn vorm en patroon by die Tradisionele styl. In moderne ontwerpe is spasie ’n dinamiese element. Dit gee dit in en rondom komponente ’n ruimtelike (‘spatial’) voorkoms.
  Spasie beïnvloed balans en die visuele gewig in ’n ontwerp.

- **TEKSTUUR**: Die visuele en tasbare oppervlakkwaliteit van plantmateriaal en ander komponente, bv. blink, grof, glad, ens.

- **KLEUR**: Die weerkaatsing van lig op die oppervlakte van ’n voorwerp (sien ook bls.16-17).

DIE PRIMêRE BEGINSELS VAN ONTWERP

- **BALANS**: Balans beteken die fisiese en visuele ewewig van stabiliteit.
  - Simmetriese Balans (Formele Balans) Eweveel gelyksoortige komponente weerskante van ‘n denkbeeldige vertikale lyn.
  - Asimetriese Balans (Informele Balans) Gelyksoortige Komponente in ongelyke hoeveelhede weerskante van die denkbeeldige lyn.
  - Statiese Balans: Met geen beweging nie in volmaakte ewewig. Eenderse voorwerpe weerskante van die vertikale as gee statiese balans.
  - Dinamiese Balans: Aktief met beweging maar steeds in balans. Nie-eenderse komponente aan weerskante van die vertikale as lei tot beweging van die oog.

- **DOMINANSIE** (OORHEERSING): Skep trefkrag en eenheid in ’n ontwerp deur die oorheersende gebruik van enige een van die elemente (sien bl.15).

- **PROPORSIE (**VERHOUDING): Verwys na die hoeveelhede en volumes van die verskillende komponente.

- **RITME**: Skynbare beweging in lyn, patroon, vorm, spasie, tekstuur en kleur wat die oog deur die ontwerp lei.

- **SKAAL**: Verwys na die verskillende groottes van plantmateriaal, houer, basis, staander en bykomstighede en hulle verwantskap tot mekaar.

- **KONTRAS**: Komponente met verskillende lyne, vorms, teksture en kleure saamgebruik om hul verskille te beklemtoon.

DIE SEKONDêRE BEGINSELS VAN ONTWERP

- **HARMONIE**: Die eenheid tussen die dele en/of groep komponente van ’n ontwerp deur die gebruik van die elemente en die beginsels van ontwerp.

- **HERHALING:** Bring eenheid en beweging in die ontwerp deur die herhalende gebruik van lyn, patroon, vorm, spasie, tekstuur en kleur.

- **OORGANG** (GRADERING): Oorgang word in die Tradisionele styl gebruik. Die geleidelike oorgang van een kleur (met sy tinte, tone en skakerings) na ‘n ander kleur in ‘n ontwerp. Dit kan ook in die gradering van groot na klein in die vorm of tekstuur van die plantmateriaal wees. Dit word in moderne ontwerpe vermy om sodoende ‘n dramatiese effek te verkry.

- **STRALING**: In tradisionele ontwerpe moet alle plantmateriaal vanaf een sentrale punt uitstraal.

- **VERSKEIDENHEID** (VARIASIE): Dit is die basiese eendersheid met mindere verskille wat interessantheid aan die ontwerp gee, maar oorbeklemtoning van verskeidenheid in kleur en tekstuur sal die dominansie en eenheid in ’n ontwerp verminder.

OORBRUGGING: Die skep van ‘n visuele en/of fisiese verbinding met plantmateriaal tussen twee of meer eenhede.

OORHEERSING: ’n Beginsel van ontwerp. Dit is die oorheersing van een deel in ’n ontwerp as gevolg van die grootte, vorm, helderheid van kleur, blink tekstuur of posisie in die ontwerp. Dit moet meer oordadig gebruik word, sodat dit visueel meer dominant is as die kombinasie van die ander komponente saam, en dus meer trefkrag het. Plantmateriaal moet altyd oorheers.

OORSPRONKLIKHEID: ’n Ontwerp met eie kreatiewe, verbeeldingryke idees, die ongewone gebruik en kombinasie van bekende materiaal en die elemente en beginsels van ontwerp.

ONDERSKEIDING: Die vermoë om uitstaande en oorspronklik te wees.

ORGANIES: Plantaardige en dierlike materiaal wat verkool met verbranding.

PARALLELLE ONTWERP: Word gekenmerk deur die parallelle en vertikale groepering van plantmateriaal wat onderling met mekaar verbind word deur ’n sterk horisontale basis. Die buitevorm is reghoekig of sillindries. Stingels word nie vanuit ’n sentrale groeipunt gerangskik nie. Plantmateriaal word in groepe geplaas of in blokke gestapel om groter areas van aksent, vorm of teksture te verkry. Ritme word verkry deur die afwisselende hoogtes van die plasings en die variasie in die wydte en negatiewe spasies tussen die parallelle plasings.

PAVé: ‘n Tegniek wat gebruik word om plantmateriaal en ander komponente dig te groepeer om ‘n keisteen effek te skep.

PILAARVOETSTUK (’PEDESTAL’): ’n Pilaar, voetstuk of staander waarop ’n ontwerp geplaas word. (Soms gebruik as “staging”).

PETITE: ‘n Klein ontwerp in enige styl groter as **10cm** en kleiner as **25cm** in die geheel. Die plantmateriaal, bykomstighede en houer moet in verhouding en skaal wees.

PLANTMATERIAAL: Vegetatiewe materiaal.

‘POSY’: ’n Klein ronde bossie blomme met ‘n rondom aansig, gewoonlik as ’n handruiker gebruik of in ‘n houer (oorspronklik uit die Victoriaanse tydperk).

POT-ET-FLEUR: ‘n Samevoeging van groeiende plante in of sonder potte, saamgeplaas in of op houers. Potte moet verberg wees. Afgesnyde loof word nie toegelaat nie, maar beperkte hoeveelheid snyblomme wel. Dryfhout, bas, mos, klippe ens. en strukture is toelaatbaar.

SEEWIER, SEEBAMBOES (KELP): Plantmateriaal uit die see.

SEEWAAIER: Dierlike materiaal uit die see. Word beskou as ’n bykomstigheid.

SFEER: Ronde vorms soos bv.‘n bal kan gebruik word. Die sfeer kan deel wees van die ontwerp. Sfere het eindelose dekoratiewe potensiaal en kan van ‘n verskeidenheid van materiale gemaak word.

SIERKRANS (‘GARLAND’) ‘n Ontwerp waarin alle komponente saamgevoeg word om ‘n langwerpige en/of buigbare ontwerp te vorm, sonder ‘n sigbare agtergrond (Blomstring).

SKAAL: ‘n Beginsel van ontwerp. Dit is die verwantskap van die grootte (en verhouding) van die verskillende komponente en houer in ‘n ontwerp.

SKEDE (PALM): Die omhulsel wat om die sade van ’n palm/plant is en word nie as loof aanvaar nie.

SKULPTUUR: Beeldhouwerk met plantmateriaal. Onveranderde plantmateriaal kan ook ’n mindere deel van die ontwerp uitmaak.

SKUTBLARE: (sien **BRACTS** bl.13)

STABILE: ’n Moderne ontwerp waar niks in werklikheid beweeg nie, maar dit gee die illusie van beweging.

STAMOBILE: ’n Vasstaande ontwerp met een of meer dele wat vrylik kan beweeg.

STILLEWE: ’n Ontwerp saamgestel met plantmateriaal en die groepering van harmonieuse lewelose voorwerpe uit enige era. Die voorwerpe mag oorheers, maar moet getrou wees aan hul normale grootte en funksie. Alles is ewe belangrik en dit moet so gerangskik word en met mekaar verband hou dat dit ‘n estetiese geheel vorm. Interessantheid word verkry deur die plasing van die voorwerpe en die gebruik van kleure en teksture.

STRUKTUUR: Materiaal wat saamgestel as ‘n komponent as ondersteuning of dekoratief in ‘n ontwerp gebruik kan word. Ondersteun deur ‘n houer of staander.

SWAMME (FUNGI): ’n Soort plant wat nie groen blare het nie, soos sampioene, paddastoele en muf. Dit word as plantmateriaal beskou.

TAFELONTWERPE:

FUNKSIONELE OF PRAKTIESE ONTWERPE
Funksionele ontwerpe word oor die algemeen uitgevoer vir die werklike bediening van voedsel. Bykomstighede mag gebruik word tensy verbied in die skedule. Alle komponente moet bymekaar pas en moet in dieselfde gees en graad van formaliteit geskied. Geen kunsmatige blomme, vrugte, groente of loof word toegelaat nie tensy anders vermeld in die skedule.

- Aansit-ete
  Ontwerp met rondom aansig. Die hoogte van ’n rangskikking by ’n aansit-ete is ± 20 cm, of op ’n hoë staander wat bokant ooghoogte is (die Skedule moet dit bepaal). Bykomstighede mag gebruik word. Sommige tafelgereedskap soos, breekgoed, eetgerei, servette, ens. moet ingesluit word. Draperings en tafeldoeke mag oor die kante van die tafel hang. Alle tafels word van ’n staande of sittende posisie beoordeel (Skedule bepaal).

- Alfresco
  ’n Tafel gedek vir buitelewe. Bediening formeel of informeel.

- Buffet Ontwerpe
  Dit moet stewig wees, maar geen sitplekke.
  Tafeldoeke mag vloerlengte wees, maar mag nie die ontwerp oorheers (Skedule sal bepaal wat die vereistes is).
  Buffet-ontwerpe mag van voor of rondom besigtig word.

Bykomstighede mag gebruik word, **maar geen** eetgerei, tafellinne en breekgoed ens. nie.
Gemaklike bediening sowel as die estetiese geheel van die ontwerp is belangrik. Die ontwerp moet die res van die ete komplementeer. Die hoofplasing moet binne die gegewe spasie bo-op die tafel geplaas word.

Die volgende moet in aanmerking geneem word vir die bogenoemde funksionele tafelontwerpe:

- Die gebruik van die kleur van die breekgoed, tafeldoek en geleentheid moet verband hou.
- Sterk geure moet liefs vermy word, dit kan die smaak van die kos beïnvloed.
- Style: Die wyse waarop tafel gedek word, dui die mate van formalitet aan.

NIE-FUNKSIONELE OF TAFELONTWERPE VIR UITSTALLINGS
Tafelontwerpe vir uitstallings verskil heelwat van die 'funksionele ontwerpe'. Dit het niks te doen met die werklike bediening van voedsel nie, en word bedoel as slegs 'n ontwerp oefening. Die komponente word as 'n dekoratiewe eenheid gebruik en daar is (meestal) min plantmateriaal slegs om die ontwerp te komplementeer. Die rangskikker mag gebruik maak van borde wat regop staan, eetgereedskap wat teen 'n agtergrond binne die uitstalruimte hang. Die eindresultaat is dikwels modern of abstrak. Die tafelgereedskap is nooit groeperings van onverwante voorwerpe nie, maar moet altyd die indruk van 'n ete skep. Dit moet SLEGS van voor besigtig word. Plantmateriaal moet nie domineer nie.

TRADISIONEEL: 'n Ontwerp volgens tradisionele eienskappe

- Ontwerpe het definitiewe lyn en vorm met 'n fokusarea.
- Oorgang van kleur en plantmateriaal is sigbaar.
- Radiale uitstraling vanuit een sentrale punt in verskeie rigtings.
- Dit word 'n ontwerp "in" spasie genoem. Plantmateriaal en plasing daarvan gee die belangrikste indrukke.
- Goeie proporsies van plantmateriaal is gewoonlik 'n minimum van l½ tot 2 keer die hoogte en wydte van die houer.
- Houers moet in 'n tradisionele vorm en in harmonie met die kleur van die plantmateriaal wees. Ontwerpe is simmetries, asimmetries, formeel of informeel.
- Geen geverfde plantmateriaal mag gebruik word nie! Plantmateriaal word in hul natuurlike vorm gebruik. Suiwer gegliseriende plantmateriaal, met geen byvoeging van kleur, word as natuurlik beskou.

TURGID: (sien **VOGHOUDENDE VERMOë)** (sien bl.29)

TYDVAKONTWERPE: ’n Ontwerp wat die styl en atmosfeer van ’n sekere vervloë era uitbeeld. Die algemene voorkoms moet tipies van die tydperk wees, al word daar gebruik gemaak van andersoortige plantmateriaal en houers. Kleur is uiters belangrik.

- (3000 - 332 vC) ANTIEKE EGIPTE: Formele simmetrie met ’n sterk twee-dimensionele opset in gebruik. Lotusblomme, sade, palms en Nylgras was gebruik.

- (600 - 146 vC) GRIEKSE TYDPERK: Mandjies vol blomme, vrugte en groente, ’posies’ en lourierkranse om pilare en kruike.

- (28 - 325 nC) ROMEINSE TYDPERK: Byna dieselfde as die Griekse tydperk. Mandjies met die fatsoen van ’n horing het oorvloed gesimboliseer.

- (325 - 600 nC) BISANTYNSE TYDPERK: Loof, blomme en vrugte in ’n kegelvorm asook blomkranse. Stywe voorkoms en plasing van plantmateriaal het formeel kunsmatig voorgekom.

- (960 - 1912 nC) CHINEES: Min en ekonomiese materiaal op natuurlike wyse gerangskik. Diagonale en asimmetriese lyne is aan die orde van die dag (blommekuns gaan huidig nog so voort).

- (1400 - 1600 nC) ITALIAANSE RENAISSANCE: Groot marmer kruike, versierde glas, kristal, silwer en growwe ”terracotta”-pottebakkery is gebruik. Blomme word op eenvoudige wyse in houers geplaas en word met godsdienstige simboliek gebruik.

- (1485 – 1603 nC) TUDOR ENGELAND: Geurige blomme en kruie was belangrik. Klein bossies (‘tussie mussie’ of ‘n informele ‘posy’) is gedra om siektes te bekamp. ‘n Koppie met blomme loof, kruie en lint word by huwelikseremonies voor die bruid gedra.

- (1600 - 1775 nC) ITALIAANSE BAROK: Groot oorvloedige- en buitensporige ontwerpe met dikwels diagonale kurwes is gemaak. Groot klip- en metaalkruike, erdewerk, glasvase en drinkbekers is gebruik.

- (1600 - 1800 nC) VLAAMS-HOLLANDSE TYDPERK: Groot hoeveelhede kleurvolle blomme en vrugte is in swaar bekers, kruike en terracotta-bakke gerangskik. Bykomstighede is kwistig gebruik, bv.nessies met eiers in, ens.

(1600 - 1650 nC) Vroeë Hollands: Ontwerpe baie vol en kompak met min diepte, ovaalvormig in voorkoms.

(1650 - 1700 nC) Middel-Hollands: Ontwerpe 'n bietjie losser gerangskik met meer beweging en diepte.

(1700 - 1800 nC) Laat Barok: Style het nou ontwikkel in weelderige vloeiende ontwerpe.

- (1620 - 1800 nC) AMERIKAANS:

  (1620 - 1720 nC) Vroeë Amerikaanse Koloniaal: Eenvoudige versameling van veldblomme en kruie in flesse of huishoudelike houers van piouter, geelkoper, rooikoper en hout.

  (1720 - 1800 nC) Amerikaans Koloniaal: Ontwerpe was in ronde of vierkantige vorms met massas droë en vars blomme. Plante en bolle is nou ingevoer van Europa en 'n groter keuse en verskeidenheid blomme was beskikbaar.

- (1650 - 1700 nC) FRANS- BAROK : Louis X1V ontwerpe. Ontwerpe was meer oorvloedig, formeel en statig as in die Italiaans Barok tydperk. Bykomstighede was meestal afwesig. Marmer, klip, brons, kruike en Sévres porselein is gebruik.

- (1714 - 1760 nC) VROEë GEORGIAANS (ENGELSE BAROK): Onopwindende goeie smaak was die wagwoord!. Dit was meer beheersd as die Vlaams-Hollandse styl. Tipiese Engelse blomme is gebruik en ander ingevoerde Europese blomme het bekend geraak.

- (1715 - 1774 nC) FRANS-ROCOCO: Baie ontwerpe was volgens die 'S'-en 'C'-kurwes. Kleiner, delikate en skerppuntige blomme met subtiele kleure en rankagtige rankies is gebruik. Was dikwels in verskillende soorte kruike (metaal, marmer en porselein) met ornamentele geverfde tonele.

- (1760 - 1830 nC) LAAT GEORGIAANS (NEO-KLASSIEK): Massas van vars blomme, hoog en simmetries gerangskik. Die neiging tot oorgangsmateriaal en 'n fokuspunt word waargeneem. Vrugte en droë blomme was ingesluit in die ontwerpe. Kweekhuisblomme was sterk in aanvraag.

- (ongeveer 1774 nC) FRANKRYK IN DIE TYD VAN LOUIS XVI: Simmetriese, hoë, slanke, ontwerpe was kenmerkend. Sagte pastelkleure somtyds met 'n tikkie rooi, is dikwels gebruik.

- (1775 - 1830 nC) ITALIË - NEO-KLASSIEKE TYDPERK : Ontwerpe was elegant en simmetries met ’n sigbare fokuspunt. Sierkranse (‘garlands’) en festoene (‘swags’) ingesluit. Tinte en tone in koel kleure is gebruik.

- (1810 - 1830 nC) ENGELSE REGENCY: ‘Empire Style’ massa ontwerpe wat lig, slank en delikaat in voorkoms was. Bykomstighede soos waaiers, snuifdosies en porselein-beeldjies was in gebruik.

- (1804 - 1840 nC) FRANSE KEISERSTYL (NAPOLEON): Minder vroulike style met ‘n swaar tog elegante voorkoms. Piramiede effek is verkry. Meer loof en vrugte is saam met blomme met sterker kleure gebruik.

- (1830 - 1901 nC) VICTORIAANS: Massas blomme en loof met min spasie en geen definitiewe fokuspunt was kenmerkend van ontwerpe. Buitevorm was ovaal of rond. Hoogte van blomme was soms laer as die houer. Die formele ‘Posy’ was kenmerkend van die tyd met konsentriese sirkels gepak, beginnende met een roos in die middel, omraam met ‘n loofrand. Die ‘Epergne’ of ‘March’-staander: ‘n Tafelversiering, in die middel van vrugte, blomme en varings vir deftige geleenthede.

- (1890 - 1910 nC) ART–NOUVEAU: Vloeiende ontwerpe met golwende lyne van min blomme en/of vrugte gewoonlik van dieselfde soort.

- (1890 – 1914nC) EDWARDIAANSE TYDPERK: Die styl was minder formeel en meer elegant met meer spasie as in die Victoriaanse tydperk. Kleurgebruik was meer subtiel.

- (1920 - 1939 nC) ART DECO: Helder, sterk kleurkombinasies met geometriese lyne. Aansienlike verskeidenheid style met blomme op ‘n natuurlike wyse gebruik. Die frase ‘Art Deco’ was eers vanaf 1966 gebruik.

- (1930 - 1940 nC) CONSTANCE SPRY STYLE: Aan die einde van die ‘Art Deco’-periode het Constance Spry bekend geword vir haar gemengde groeperings loofrangskikkings en avontuurlike gebruik van mosbedekte takke, lelies, artisjokke en anthuriums in kruike met die oorspronklike gebruik van verskillende tipes plantmateriaal.

VERHOUDING (PROPORSIE): ’n Beginsel van ontwerp waarin die visuele verhouding van hoeveelhede en volumes van materiaal, een deel tot ’n ander en/of van een plasing tot die geheel gesien word.

VERTOLKING: ‘n Ontwerp wat ‘n boodskap of ‘n tema met plantmateriaal uitbeeld, waarvan die plantmateriaal die storie moet vertel en nie die bykomstighede nie.

VOGHOUDENDE VERMOë (’TURGID’): Plantmateriaal wat genoeg water opgeneem het om ferm en vars te bly buite water of waterhoudende medium vir die duur van die beoordeling bv. Vetplante, lugplante ens. (Sien WAFA reël 4 bl 1).

VORMBOOM (‘TOPIARY’): Ornamentele vorms wat uit plantmateriaal gemaak is en op ‘n stok in ‘n houer geplaas word.

VOORAFVERVAARDIGDE PLANTMATERIAAL: Voorafvervaardigde of geweefde plantmateriaal wat die dominante deel van ’n ontwerp uitmaak, mag nie gebruik word nie, tensy anders in die skedule vermeld.

VRUGTE EN GROENTE: Eetbare en oneetbare bessies, saadknoppe, neute en dennebolle is toelaatbaar. Hulle mag geskil of gesny word, maar diskresie moet gebruik word. Die gebruik van kunsmatige vrugte en groente word verbied tensy anders in die skedule vermeld.

VRYSTAANDE ONTWERP: ’n Ontwerp met ’n rondom-aansig. Word van alle kante besigtig en beoordeel. Die skedule moet bepaal indien dit slegs van voor beoordeel moet word.

VRYVORM: Dit is ‘n stylontwerp met ‘n beperkte hoeveelheid plantmateriaal wat volgens natuurlike groeiwyse gerangskik word. Spasie is ‘n integrale deel van die ontwerp. Geen geverfde of gemanupileerde plantmateriaal word toegelaat nie.

RIGLYNE MET BETREKKING TOT SAFU PANEEL EKSAMINERING

Hierdie inligting dien as **RIGLYNE** vir SAFU-lede met betrekking tot opleiding en eksamen-prosedure.

Die Eksamen Koördineringskomitee bestaan uit die drie Nasionale Paneelvoorsitters en ’n Eksamen-koördineerder: almal deur die lede van SAFU verkies soos voorgeskryf deur die SAFU Konstitusie.

Algemene Inligting

- Alle SAFU-lede wat kwalifiseer vir sekere kursusse en eksamens mag deel hê daaraan.
- Kandidate mag kies om die eksamen in Engels of Afrikaans. af te lê
- Opleiding sal op Provinsiale vlak deur ‘n opleidingskomitee gedoen word.
- Alle kommunikasie/navrae in Provinsiale Panele aan Nasionale Paneelvoorsitters moet gerig word.
- Eksamens sal op Nasionale vlak afgelê word.
- Kompenserende maatreels (bv. Mondelinge eksamen of skriba) kan oorweeg word waar nodig.

NB. Opleiding in al drie die dissiplines op ’n deurlopende basis geskied, ongeag wat die eksamenprogram is.

TAAKOMSKRYWING VAN SAFU EKSAMEN KO-ORDINEERDER

BENAMING: SAFU Eksamen-koördineerder

DIENSTERMYN: Soos deur SAFU Konstitusie bepaal, deur lede verkies tot **3** jaar.

Direk **VERANTWOORDELIK** aan die SAFU President.

TAAKOMSKRYWING: ‘n Sameroeper, wie in samewerking met drie Nasionale Paneelvoorsitters, sal:

- die SAFU eksamen-protokol koördineer en/of veranderings aanbring indien nodig
- SAFU Eksamen-paneelvergaderings koördineer (indien nodig).
- jaarliks ’n verslag lewer oor SAFU Eksamen-aangeleenthede.
- nagaan of kandidate kwalifiseer vir eksamen-toelating.
- skriftelike eksamen-vraestelle en antwoord-memorandums nagaan, vertaal en modereer **nadat** Nasionale Paneelvoorsitters dit opgestel het.

- Aanvanklike nasien van eksamen-vraestelle sal gedoen word deur die Nasionale Paneelvoorsitters, wat afskrifte daarvan sal maak vir naslaan-doeleindes.
- Oorspronklike kopieë sal aan SAFU Eksamen-koördineerder gestuur word vir veilige bewaring en vir die doeleinde van ’n sentrale data basis.
- Die plant-identifikasie eksamen sal binne provinsiale verband nagesien word deur die Provinsiale Paneelvoorsitter, wat die uitslae aan die Nasionale Paneelvoorsitter sal stuur, wat dit weer op sy/haar beurt sal aanstuur aan die SAFU Eksamen-koördineerder.

- alle portefeuljes en praktiese eksamen-uitslae nagaan en modereer.
- vereistes vir hereksamens nagaan
- alle uitslae met die relevante Nasionale Paneelvoorsitter kontroleer en die SAFU President dienoreenkomstig inlig.
- **DIE NASIONALE PANEELVOORSITTER SAL DIE PROVINSIALE PANELE EN PROVINSIALE PRESIDENTE INLIG.**
- verseker dat uitslae aangekondig word nadat alle prosedures afgehandel is.
- ’n SAFU web-gebaseerde eksamen-databasis opbou m.b.t alle eksamen-kandidate, -vraestelle en -uitslae.
- name en inligting aan die Koördineerder van SAFU Webtuiste stuur om die webtuiste op datum te hou. .

KWALIFIKASIE-VEREISTES

Die Eksamen-koördineerder

- Moet op hoogte wees van en kundig wees m.b.t. AL DRIE die dissiplines, naamlik Beoordeling, Onderrig en Demonstrasie.
- Moet ondervinding hê van die hantering van Provinsiale aangeleenthede binne SAFU.
- Mag geen Provinsiale posisie beklee tydens dienstermyn as Eksamen-koördineerder nie
- Moet <u>tweetalig</u> wees in Engels en Afrikaans

FINANSIES

Verwys na die SAFU Konstitusie

1. DIE NASIONALE ONTWERP DIPLOMA (NOD)

Eksamen elke **3** jaar.

1.1 VOORVEREISTES VIR EKSAMEN

Drie GOUE toekennings in die Gevorderde afdeling, verower by skoue of klub-byeenkomste gedurende die drie jaar wat die eksamen voorafgaan, en toegeken deur **drie** erkende SAFU beoordelaars.

OF

Vier GOUE toekennings in die Gevorderde afdeling, verower by skoue of klub-byeenkomste gedurende die drie jaar wat die eksamen voorafgaan en toegeken deur slegs **twee** erkende SAFU beoordelaars.

Goud in klasse van 'Petite', 'Miniature' en 'Craft' ('Kunsvlyt') sal wel erken word op voorwaarde dat dit 'in situ' gedoen word en dat 'n maksimum van een GOUD in die tersaaklike klasse sal tel.
Slegs GOUE toekennings vir individuele deelname sal erken word

1.2 LEERPLAN

- **VOORGESKREWE LEESLYS**:
  SAFU Nasionale Ontwerp Diploma Handleiding
  SAFU Handboek vir Beoordelaars en Blommerangskikkers

- **AANVULLENDE LEESLYS:**
  'Watter Blom is dit?': Stirling Macaboy en Christo Pienaar
  'Creative Flower Arranging': Jean Taylor
  'Cut Flowers of the World': Johannes Maree, Ben-Erik van Wyk

1.3 EKSAMENFORMAAT - Twee Afdelings

1.3.1 **Geskrewe teorie vraestel** (drie ure) oor die inhoud van die SAFU Nasionale Ontwerp Diploma Handleiding, met klem op die BASIESE kennis van:

- Elemente en kunsbeginsels van ontwerp in Blommekuns
- Vertolking
- Plant-identifikasie – 'n spesifieke lys met plante en blomme sal voorgesien word.
- Kondisionering en versorging van plantmateriaal
- Meganika en konstruksie
- Tydvakke - basiese kennis van tydvakke

N.B. Teorie vraestel moet geskryf word TWEE maande voordat die praktiese eksamen afgelê word.

1.3.2**.** **<u>Praktiese eksamen</u>** (na suksesvolle aflegging van die teorie eksamen)

Bestaan uit **vier** rangskikkings:
‘n ‘Imposed ontwerp’,
‘n Vertolkende ontwerp
‘n Moderne Ontwerp
‘n Tradisionele medium massa

<u>Al hierdie ontwerpe sal op ‘n tafel uitgevoer word</u>.

1.4 SLAAGSYFER

- **Teorie Eksamen: 70%** vir teoretiese eksamen, wat dan toelating sal verleen tot praktiese eksamen.
  ‘n Her-eksamen sal toegestaan word aan kandidate wat **65-69%** behaal het in die teorie eksamen.

- **Praktiese eksamen**: Kandidate moet ‘n gemiddeld van **70%** verwerf vir die 4 ontwerpe.
  ‘n Her-eksamen sal toegestaan word aan kandidate wat **65-69%** verkry het. ‘n Kandidaat sal slegs toegelaat word om die ontwerp waarin hy/sy die laagste punt behaal het, te herhaal.

2. DIE NASIONALE DEMONSTRATEURS-DIPLOMA

Eksamen elke **4** jaar

2.1 VOORVEREISTES VIR EKSAMEN

Die Nasionale Ontwerp Diploma (NOD)

Drie GOUE toekennings in die Gevorderde afdeling, verower by skoue of klub-byeenkomste gedurende die drie jaar wat die eksamen voorafgaan, en toegeken deur **drie** erkende SAFU beoordelaars.

OF

Vier GOUE toekennings in die Gevorderde afdeling, verower by skoue of klub-byeenkomste gedurende die drie jaar wat die eksamen voorafgaan en toegeken deur slegs **twee** erkende SAFU beoordelaars.
Kandidate moet verkieslik reeds op klubvlak ondervinding in demonstrasie hê alvorens hierdie eksamen afgelê word.

2.2 LEERPLAN

- **VOORGESKREWE LEESLYS**

SAFU Riglyne vir Demonstrateurs, plus enige addendum
SAFU Nasionale Ontwerp Diploma Handleiding en die voorgestelde leeslys in genoemde handleiding
SAFU Handboek vir Beoordelaars en Blommerangskikkers

- **NUTTIGE LEESSTOF**

Enige boek met inligting van teaterkuns, verhoogkuns, teaterbeligting, klanktoestelle en die gebruik van mikrofone.

2.3 EKSAMEN-FORMAAT - Twee Afdelings

2.3.1 **Portefeulje** met die totale plan/uitleg van volskaalse verhoog demonstrasie met **4 - 6** ontwerpe, insluitend die volgende:

- Beskikbaarheid van lokaal vir die doel van voorbereiding.
- Besonderhede m.b.t. verhoog: grootte, kleur van beide voorste- en agtergrondgordyne, sy-vleuels, ens.
- Beligting- en klankfasiliteite.
- Gebruik van kubusse, voetstukke, draaitafels, trollies.
- Houers en plantmateriaal.
- Nuutste tegnologie.
- Assistente vereistes.
- Kleredrag.

N.B. ‘n Portefeulje moet aan die Nasionale Paneelvoorsitter voorgelê word **TWEE** maande voordat die praktiese eksamen plaasvind.

2.3.2 **Praktiese verhoogdemonstrasie voor ’n gehoor**.
Die demonstrasie behels:

- Een rangskikking wat in portefeulje uiteengesit is. Moet vanaf basiese meganika (’mechanics’) begin rangskik.
- ’n Tweede, kleiner plasing kan toegevoeg word tot die finale ontwerp.
- ’n Mikrofoon moet gebruik word. Musiek en spesiale beligting is opsioneel.
  Tyd: **25** minute

2.4 SLAAGSYFER

- **Portfolio en Praktiese Eksamen:**
  Slaagsyfer is **75%** vir albei afdelings.
  ’n Her-eksamen sal toegestaan word indien ‘n kandidaat **70 –74%** behaal vir een van die twee afdelings. Slegs die gefaalde afdeling sal oor gedoen word.

3. DIE NASIONALE ONDERRIG DIPLOMA

Eksamen elke **4** jaar.

3.1 VOORVEREISTES VIR EKSAMEN

Die Nasionale Ontwerp Diploma (NOD).

Drie GOUE toekennings in die Gevorderde afdeling verower by skoue of klub-byeenkomste gedurende die drie jaar wat die eksamen voorafgaan, en toegeken deur **drie** erkende SAFU beoordelaars

OF

Vier GOUE toekennings in die Gevorderde afdeling verower by skoue of klub-byeenkomste gedurende die drie jaar wat die eksamen voorafgaan, en toegeken deur **twee** erkende SAFU beoordelaars.

Goud in klasse van 'Petite', en Miniature' en 'Craft' (Kunsvlyt') sal wel erken word op voorwaarde dat dit 'in situ' gedoen word en dat 'n maksimum van een goud in die tersaaklike klasse sal tel.

Slegs goue toekennings vir individuele deelname sal erken word.

3.2 LEERPLAN

- **VOORGESKREWE LEESLYS**
  SAFU Riglyne vir Onderrig in Blommekuns
  SAFU Nasionale Ontwerp Diploma Handleiding
  SAFU Handboek vir Beoordelaars en Blommerangskikkers

- **AANVULLENDE LEESLYS:**
  NAFAS Guide to Period Flower Arranging: Part 1 & 2
  'Creative Flower Arranging': Jean Taylor
  Enige boeke oor moderne kuns en moderne argitektuur.

1.4 EKSAMEN-FORMAAT - Drie Afdelings

- Portefeulje (twee maande voor praktiese eksamen)
- Onderrigdemonstrasie (20 – 30 minute)
- Werkswinkel: (3 ure)
  Sien onderrighandleiding vir verdere inligting

3.3.1 **Portefeulje** moet beplanning van 'n reeks lesse vir beginners of intermediêre vlak bevat. Beplanning sluit in:

- Advertensie
- Inligting van die lokaal waar klasse aangebied gaan word en kaart.
- Kosteberekening
- Portefeulje moet 6 lesse bevat **een** wat in detail uiteengesit word. Dit

sluit in die volgende: formaat van die les, toepaslike onderrigmetodes, lys van benodigdhede, visuele hulpmiddels, aantekeninge, sketse, bibliografie ens.

3.3.2. **<u>Praktiese toepassing van 'n onderrigdemonstrasie</u> (20-30 minute) <u>Die kandidaat sal een les</u> uit die portefeulje kies. Die onderrigdemonstrasie sal aangebied word vir die eksamenpaneel wat bestaan uit 3 provinsiale onderwysers/beoordelaars en die Nasionale Onderrig Paneel Hoof.**

Die volgende punte sal in aanmerking geneem word:

- Inleiding, onderwerp van les, skakeling met vorige kennis, verduideliking van meganika, houers, kondisionering en plantmateriaal ens.
- Aanbieding, gebruik van terminologie, instruksies, hulpmiddels, geskikte woordeskat ens.
- Voltooide ontwerp.
- Afsluiting van les.
- Die Eksamenpaneel mag kandidate met mondelinge vrae toets oor hul onderrigvaardighede indien nodig.

3.3.**3** **<u>Werkswinkel:</u> Kandidaat moet 'n 3 uur werkswinkel organiseer. <u>Die Nasionale Onderrig Paneelhoof sal 'n les</u> uit die portefeulje kies. Evaluasie van die werkswinkel sal deur 3 provinsiale onderwysers/beoordelaars gedoen word.**

- Lokaal organiseer
- Advertensie van werkswinkel
- Kry 6 deelnemers vir die werkswinkel
- Verskaf lys van benodighede
- Berei hulpmiddels en aantekening voor.
- Praktiese toepassing/tydsberekening, interaksie tussen kandidaat en klasdeelnemers
- Evaluasie van werk/opsomming
- Die Eksamenpaneel mag kandidate met mondelinge vrae toets oor hul onderrigvaardighede indien nodig.

3.4 SLAAGSYFER

- **Portefeulje: 75%** word vir die portefeulje vereis vir die toelating tot die praktiese eksamen.
  'n **Hereksamen** word toegestaan aan 'n kandidaat wat 70-74% behaal het vir die portefeulje.

- **Praktiese eksamen**: 'n 75% slaagsyfer word vereis vir die praktiese onderrigwerkswinkel.
  Her-eksamen sal toegestaan word vir 'n kandidaat wat 70 –74% behaal het in die praktiese onderrigwerkswinkel.

4. DIE NASIONALE BEOORDELAARS DIPLOMA

Eksamen elke **4** jaar.

4.1 VOORVEREISTES VIR EKSAMEN

Nadat die NOD verwerf is moet die kandidaat minstens drie jaar ondervinding in blommekuns opdoen alvorens die beoordelaars-eksamen afgelê kan word.

Drie GOUE toekennings in die Gevorderde afdeling by skou of klub-byeenkomste gedurende die voorafgaande **drie** jaar, toegeken deur drie erkende SAFU beoordelaars.

OF

Vier GOUE toekennings in die Gevorderde afdeling by skou of klub-byeenkomste gedurende die voorafgaande drie jaar indien slegs **twee** erkende SAFU beoordelaars die beoordeling waarneem.

Goue toekennings in 'Petite', 'Minuature' en 'Crafts' ('Kunsvlyt') sal wel erken word mits dit 'in situ' gedoen is en dat 'n maksimum van een goud in hierdie tersaaklike klasse sal aanvaar word.

Slegs goue toekennings in indivuduele deelname sal erken word.

'n Omvattende lys van blom-aktiwiteite gedurende die drie jaar wat die Beoordelaarseksamen voorafgaan, moet opgestel word. Dit moet veelsydigheid en deelname aan blommekuns en alle skoue waaraan deelgeneem is bevat (ongeag die lint wat toegeken is), werk wat op klubvlak gelewer is, kursusse en/of werksklasse wat bygewoon is, betrokkenheid by private blomaktiwiteite, ens.Tekeninge en/of foto's kan aangeheg word maar is nie 'n voorvereiste nie.

4.2 LEERPLAN

- **VOORGESKREWE LEESLYS**

SAFU Nasionale Ontwerp Diploma Handleiding
SAFU Handboek vir Beoordelaars en Blommerangskikkers
'Creative Flower Arranging': Jean Taylor
NAFAS Guide to Period Flower Arranging: Part 1 & 2
'The Floral Art Encyclopedia': Judith Blacklock
'Cut flowers of the World': Johannes Maree Ben-Erik van Wyk
'What Flower is That?': Stirling Macaboy and Christo Pienaar

- **AANVULLENDE LEESLYS:**

'Complete Guide to Flower and Foliage Arranging': Iris Webb
'The Bloomsbury Encyclopedia of Flower Arranging'

4.3 EKSAMEN-FORMAAT - Vier Afdelings

4.3.1 **Portefeulje** met volledige skouskedule en uitleg van skou.

4.3.2 **Teorie vraestel** met klem op beoordelingsetiek, beoordelingsprosedure en praktiese evaluering van blommekuns soos wat ervaar word tydens blommeskoue.

4.3.3 **Plant-identifikasie eksamen**.

4.3.1 – 4.3.3 moet voltooi word teen einde Mei van die jaar waarin eksamen afgelê word.

4.4.4 **Praktiese eksamen in drie dele**:

a) **Mondelinge eksamen** behels praktiese beoordeling, mondelinge kommentaar en die beantwoording van vrae gestel deur die Eksamenpaneel.

b) **Praktiese ontwerpeksamen** behels vier rangskikkings:
'n tradisionele ontwerp,
'n vertolkende ontwerp
'n moderne vrystaande ontwerp
'n 'Imposed' ontwerp.

c) Skriftelike kommentaarkaarte.

a) - c) moet voltooi word teen middel September van die jaar waarin die eksamen afgelê word.

4.4 SLAAGSYFER

Afdeling 1: Portefeulje, Afd 2: Teorie Eksamen, Afdeling 3: Plant Identifikasie: Slaagsyfer is **75%** vir elke afdeling of onder-afdeling.
'n Her-eksamen sal toegestaan word indien 'n kandidaat 70-74% behaal het in een van die afdelings, bv. kandidate word toegelaat vir slegs een hereksamen in afdelings 1-3. 'n Kandidaat sal hereksamen kan aflê in in die afdeling waarin nie geslaag is nie.

Afdeling 4: Praktiese Eksamen: 75% moet behaal word vir elke ontwerp.
'n Her-eksamen sal slegs toegestaan word vir wanneer 'n kandidaat tussen **70 –74%** behaal het vir een van die vier ontwerpe.
'n Kandidaat sal toegelaat word tot 'n hereksamen in een ontwerp wat nie die slaagsyfer behaal het nie.
Her-eksamens sal binne twee maande na die oorspronklike eksamen afgelê word.